LANDELIKE BEVEILIGINGSPLAN SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS EN LANDBOUVERENINIGING

1. INLEIDING

Weens die toenemende styging in plaasaanvalle en misdade op plase is dit noodsaaklik dat daar aksiestappe in plek is vir die beskerming van lewens en eiendom in die landelike gebied.

WAT VERWAG ONS VAN LANDBOUERS

1. Raak betrokke by sektore
2. Hou en woon vergaderings by
3. Kommunikeer met sektorlede
4. Samel inligting in en dra oor aan Veiligheidsverteenwoordiger
5. Kyk na u eie huisbeveiliging
6. Sien opdragte t.o.v. observasieposte
7. **Moet u self nie blootstel nie**
8. Radio kommunikasie is belangrik
9. Selfoon mag handig te pas kom
10. Wees paraat
11. Moet nie swak dienslewering aanvaar nie.
12. Hou gesamentlike wit en bloulig aande in sektor.
13. **MELD ALLE MISDAAD AAN BY SAPD.**

2. AKSIESTAPPE EN ROLSPELERS:

2.1. In samewerking met die Landbouvereniging en die Polisie is die volgende in plek gebring:

Kontakbesonderhede van die SAPS Rolspelers:

Bevelvoerder	
Polisiestasie faks	
Polisiestasie GDS	

Speurtak Bevelvoerder

Landelike sektor gebied is in selle opgedeel met selleiers vir daaglikse rapportering:

Kontak besonderhede van selleiers:

2.3 Daarstelling van mediese hulp met mediese noodhulptasse, in samewerking met, vir mediese hulp in misdaad voorvalle en ernstige motorongelukke.

Kontakbesonderhede van mediese personeel:

Kontakbesonderhede van noodhulp personeel:

Noodhulp tasse beskikbaar by:

2.4 Beskikbaar stelling van vliegvelde in noodgevalle vir gebruik deur SANW en SAPD, asook vir gebruik in ernstige (misdaad) en motorongelukke indien 'n behoefte bestaan vir die lugvleuel, ens.

Vliegveld koördinate:

2.5 Ander rolspelers in vloede, veldbrande en alle ander voorvalle insluitende misdade op plase en motorongelukke.

Kontakbesonderhede van personeel:

Rampbestuur:	
Landbouvereniging voorsitter:	
Ambulans:	
Kliniek	

3. Kom asb. die volgende na indien insidente van enige aard plaasvind:

3.1. Kontak die naaste Polisiestasie / Selleier en Sellede.

3.2. Moet nie leidrade vertrap op die misdaadtoneel nie.

3.3. Neem beheer van toneel en oorhandig aan Polisie sodra hul op die toneel aankom.

3.4. Kontak mediese hulp indien nodig.

3.5. Blok toegangsroetes indien verdagtes op die vlug slaan.

3.6. Arresteer verdagtes (siviele arrestasie) en oorhandig onmiddelik aan Polisie.

NB! Moet asb. nie reg in eie hande neem nie, tree op soos die wet vereis .(Sien Noodplan vir verdure inligting!)

LANDBOU VERENIGING LYS MET PLAASNAME

BLOK A	**BLOK B**	**BLOK C**
Brandwagte	Brandwagte	Brandwagte
Plase	**Plase**	**Plase**

PROTOKOL VIR TOEGANG TOT PLASE

In die lig van die aanvalle op plaasbewoners wat onverpoos voortgaan sal geen besoeker in die toekoms toegelaat word om enige plaasgrond te betree nie behalwe in die volgende gevalle:

1. **Veiligheidsdienste**

Dit sluit in die SAPS en die SA Nasionale Weermag.

- Verkieslik per vooraf reëling
- In duidelike uitkenbare voertuie en kleredrag (uniforms)
- Meld onmiddellik by die eienaar aan wanneer die eiendom betree/binne gegaan word en toon identiteitsdokument
- Lig die eienaar in oor die aard en tydsduur van die beoogde optrede op die grond
- Grondeienaars onderneem om hulle samewerking aan die veiligheidsmagte te verleen in die uitvoering van hul pligte

2. **Ander amptenare wat ingevolge statutêre reëlings die bevoegdheid/reg het om grond te betree in die uitvoering van hul pligte:**

By hierdie groep word ingesluit inspekteurs van die Departemente van Arbeid, Binnelandse Sake, Gesondheid, Landbou, ens.

- Slegs per vooraf reëling/afspraak/toestemming van die eienaar of ‘n ander persoon in beheer van die eiendom.
- Wanneer die eiendom betree of perseel binne gegaan word, moet daar onmiddellik by die eienaar of persoon in beheer van die eiendom aangemeld word.
- Die amptenaar moet homself behoorlik identifiseer, uiteensit wat die aard van sy besigheid is en hoe lank hy op die eiendom sal vertoef.
- Die amptenaar sal geen ander take of aksies verrig as dit waarvoor hy toestemming verkry het nie.
- Indien die amptenaar nie daarin slaag om ‘n afspraak te maak nie omdat hy nie kontak kon maak met die eienaar/persoon in beheer van die eiendom nie, of omdat die versoek om ‘n afspraak afgewys is, dan moet hy die plaaslike boerevereniging of distrik landbou-unie of die SAPD nader om hom by te staan.

3. Privaat persone wat ingevolge ’n statutêre reëling besoeke op plase kan aflê

Dit sluit in mense wat bv. volgens die Wet op die Uitbreiding van Verblyfsekerheid ’n reg het om bewoners op ’n plaas te besoek.

- Slegs per vooraf reëling/afspraak met die eienaar of die persoon in beheer van die eiendom.
- Die besoeker mag net ’n vooraf geïdentifiseerde roete na die plaaswerkerhuise of voorouergrafte gebruik.
- Daar moet ’n duidelike ooreenkoms wees oor die tydsduur van die besoek.
- Die besoeker sal geen aktiwiteite onderneem anders as waarvoor hy/sy toestemming verkry het nie.

4. Private persone sonder statutêre regte

Dit sluit bv. in navorsers, politieke organiseerders, werkerorganiseerders, godsdienswerkers en so meer.

- Per reëling om plaaswerkers te ontmoet op ’n geskikte openbare bymekaarkomplek van die plaas af.
- Boere sal dit vir hul plaaswerkers moontlik maak om sodanige geleenthede by te woon, insluitend, waar prakties moontlik, die verskaffing van vervoer na die bymekaarkomplek.
- Slegs in hoogs uitsonderlike gevalle sal die persoon toegelaat word om die eiendom te betree en dan met ’n baie uitdruklike reëling met die eienaar of persoon in beheer van die eiendom en op sodanige voorwaardes as wat so ‘n persoon mag voorskryf.

VOORSORG MET AANSTELLING EN ONTSLAG VAN WERKNEMERS

Aanstelling

1. Kritiese prestasie areas: Skryf jou vereistes, van wat die werker moet kan doen, neer.

2. Voer ’n onderhoud en vind uit of die werker dit kan doen.

3. In sekere gevalle, lê ’n toets af.

4. Verkry persoonlike inligting:
   - Kwalifikasie
   - ID dokument, m.a.w. ID nommer
   - Vorige werkservaring, kontak besonderhede van vorige werkgewers en die rede vir diensverlating
   - Gesondheidstoestand, enige kroniese toestande, beroepsbeserings, sosiale gewoontes
   - Familie, getroud of ander permanente verbintenis, kinders en hul ouderdomme en ook ander familie waarvoor hy verantwoordelik is

5. Laat die werknemer toe om vrae te stel.

6. Stel jou vereistes en meld dat alle werk op die plaas plaaswerk is maar dat sommige take baie sporadies gaan voorkom.

7. Gaan ‘n diensooreenkoms aan voordat diens in aanvang neem.

8. Besluit op ‘n termynooreenkoms of permanente aanstelling met ‘n proeftydperk as voorwaarde.

9. Gee ook jou plaasreëls aan die werker.

Ontslag

1. Hou jou humeur in bedwang, moet nie met ’n besope mens redeneer nie, stuur hom/haar huis toe en hanteer die volgende dag.

2. Vir erge oortredings wat moontlik tot ontslag kan lei, stel ’n klagstaat op en oorhandig dit aan die werker.

3. As die werker, volgens jou oordeel, gedros het, probeer hom opspoor en versoek hom om onmiddellik terug te keer werk toe.

4. Hou bewyse, soos selfoon oproep state, om as getuienis te dien dat jy hom wel probeer opspoor het.

5. Hou ’n dissiplinêre verhoor, nie vroeër as 24 uur nadat dissiplinêre klagstaat oorhandig was nie.

6. Onthou, ’n werker het die volgende 3 regte tydens ’n verhoor:
   - Die reg om getuies te roep en te ondervra, ook jou getuies.
   - Om ’n tolk te gebruik, indien verlang.
   - Om deur ’n medewerker verteenwoordig te word.

7. Maak kriptiese notas van die verhoor, meer nog neem dit af met ’n video masjien, want dan het jy rekord daarvan, veral as die resultaat van jou verhoor ontslag was. Vra hulp met verhore indien jy van mening is dat jy te emosioneel daarby betrokke gaan raak.

8. Wanneer ’n werknemer bedank, versoek hom om dit skriftelik te doen met redes waarom hy bedank.

9. ’n Werknemer wat nie kan skryf nie, moet by die SAPD ’n verklaring aflê waarin bogenoemde redes aangevoer word.

10. Moet asb. nie ’n getikte bedankingsvorm onder die werker se neus druk om te teken as hy nie geletterd is nie.

11. Daar bestaan nie meer iets soos ’n blokkaart nie, vul ’n UI19 vorm in van die Dept. van Arbeid en pos dit aan die adres daarop aangedui.

12. Onthou, ontslag moet ALTYD billik wees t.o.v. a) die straf en b) die prosedure wat gevolg moet word. Hierdie bewyslas is op jou as die werkgewer.

13. Bewyslas van ontslag lê by die werknemer.

"TOOL KIT" OM EFFEKTIEF MET SEKERE OORTREDINGS TE WERK

1. ONWETTIGE JAG MET HONDE

Die volgende misdade maak 'n oortreding uit wanneer persone onwettig met honde op 'n landbouer se plaas jag:

- Betreding (Wet no. 6 van 1959);
- Kwaadwillige beskadiging van eiendom; (landbouer mag nie die honde skiet nie want dan is hyself skuldig aan hierdie misdaad);
- Veediefstal (Wet no. 57 van 1959);
- Diefstal van wild (Wet no. 105 van 1991);
- Diere beskermings wet (Wet no. 71 van 1962).

Landbouers moet in die beskerming van hul eiendom nie die grense van selfbeskerming en noodsaaklikheid oortree deur hulself krimineel skuldig te maak aan 'n oortreding soos bv. die honde te skiet of die oortreders aan te rand nie. Landbouers kan 'n siviele arrestasie uitvoer binne die Strafproseswet, die honde waar moontlik vang en waar moontlik die honde na die naaste DBV vervoer. Die polisie moet oortreders aankla op bogenoemde wetgewing en landbouers moet asb. hul veiligheidsverteenwoordigers inlig rondom sodanige aktiwiteite.

2. GROND BESETTINGS

Die polisie kan slegs 'n arrestasie uitvoer as daar 'n hof bevel is wat stipuleer dat 'n persoon onregmatig eiendom betree het. Die volgende wette kan van toepassing wees op grond besettings nl.:

- Uitbreiding van Sekerheid op Woonreg (Wet no. 62 van 1997) genoemd ESTA wet – besetter het toestemming van eienaar om op grond te wees – kan slegs deur hofbevel in Landroshof, Grondeise en of Appel Hof gedoen word;
- Voorkoming van Onwettige Uitsetting van Onwettige Okkupering van Grond (Wet no. 19 van 1998) genoem PIE wet – onwettige besetter van grond sonder eienaar se toestemming kan gebruik maak van 'n hut, 'shack', tent of sodanige struktuur – landbouer kan dmv Landroshof of Appèlhof aansoek doen vir uitsetting;
- Grond Hervormings Wet (Wet no. 3 of 1996) – arbeids huurders wat op grond bly omrede familie lid in diens is van landbouer - huurders kan slegs deur seksie 5 van die Wet deur 'n hofaansoek van eiendom verwyder word;
- Betreding (Wet no. 6 van 1959);

Die PIE en ESTA wette het twee doelwitte nl. om die regte van persone wat by die besetting geaffekteer is te beskerm (eienaar en besetters) en om die uitsetting van onwettige okkupeerders ordelik en gekontroleerd dmv 'n hofbevel te reguleer. As 'n oortreder onwettig grond beset en nie ressorteer onder die ESTA en PIE wette nie, moet die polisie 'n klag van betreding open en ondersoek. Die Balju is die enigste persoon wat uitsettingsbevele kan uitvoer en die polisie kan versoek word om hulp te verleen in die verband.

3. **<u>WAAR ONWETTIGE BESETTING VAN GROND PLAASVIND MOET</u>**:

Die polisie die landbouer aanraai om dadelik 'n hofbevel vir uitsetting te bekom;
Die polisie moet ondersoek of die volgende oortredings gepleeg is nl.:

- Enige oortredings bv. aanranding, diefstal, kwaadwillige beskadiging van eiendom, ens.;
- Betreding;
- Openbare geweld;
- Intimidasie (Wet no. 72 van 1982)
- Betaling vir organisering van onwettige okkupering van grond (seksie 3(1) van PIE)
- Sameswering om enige oortreding te begaan (seksie 18(2) van die Onluste Beheer Wet no. 17 van 1956)

4. **<u>BETREDING</u>**

Die ***landbouer se verklaring moet die volgende elemente van 'n betredingsklag*** bevat:

- Is die landbouer die eienaar, opsigter, voorman, ons van die eiendom in gedrang;
- Besonderhede van die betreders wat die eiendom betree het;
- Dat die landbouer, opsigter, voorman, ens. nie toestemming gegee het aan betreders om eiendom te betree nie;
- Dat die betreders nie enige wettige rede gehad het om die eiendom te betree nie.

5. **<u>INTIMIDASIE</u>**

Waar landbouers gedreig of geïntimideer word deur werkers en of persone wie hul liggaamlik leed wil aandoen moet die landbouer 'n klagte van intimidasie open wat die volgende elemente moet bevat:

- Dat die landbouer van mening is dat die dreigement hom of haar fisies liggaamlik leed kan besorg;
- Dat die landbouer glo dat die oortreder die dreigement gaan uitvoer;
- Die besonderhede van die persoon wie die dreigement uitgevoer het (as dit bekend is aan die landbouer);
- Dat die landbouer die oortreder geen rede gegee het om sulke dreigemente teen hom/haar te maak nie; Dat die oortreder geen wettige rede gehad het om die landbouer te dreig nie.

Die polisie moet Art 205 bekom waar die dreigement van intimidasie gemaak is deur oortreder wat vanaf 'n telefoon/selfoon geskakel het. Sodanige artikel kan binne 48 bekom word en die dossier kan tydelik onopgespoor afgesluit word totdat die uitslag van art 205 bekom is waardeur dossier heropen word.

NOODPLAN

Observasieposte/Patrolliediens

1. Observasieposte word deur sektor lede beman
2. Die pad moet nie versper word nie
3. Gee alle inligting deur aan veiligheidsverteenwoordigers
4. Hou rekord van alle inligting
5. Gebruikmaking van persoonlike vuurwapen vir persoonlike beveiliging
6. Radio en selfone van belang vir kommunikasie
7. Observasieposte kan na ’n padblokkade verander word
8. Kolligte met batterypakke van belang
9. Doen net wat van jou verwag word
10. Maak gebruik van deurgee stasies vir beter kommunikasie. Hou inligting juis en korrek
11. Gesamentlike Operasionele Sentrum sal observasie en ander dienste aflas.

Optrede tydens plaasaanval

1. Maak dadelik alarm op die oop kanaal op radio of bel sektorleier.
2. Naaste bure haas hul na betrokke plaas om aanvallers af te skrik, hulp te verleen en misdaadtoneel (sien misdaadtoneel) te beskerm.
3. Res van sektorlede stig onmiddellik observasieposte (sien observasieposte) op kruispaaie naaste aan betrokke plaas.
4. Hou ten alle tye eie veiligheid en veiligheid van ander in gedagte.
5. Tree binne die wet op.
6. Dit is die polisie se taak om misdaad te ondersoek.

Misdaadtoneel

1. Eerste twee persone neem bevel van misdaadtoneel
2. Verleen hulp aan beseerdes
3. Beskerm misdaadtoneel deur behoorlike afkordoneëring
4. Aktiveer en organiseer sektor lede en maak seker of wat moet weet wel ingelig is, gee alle inligting deur.
5. Oorhandig Misdaadtoneel aan SAPS
6. Eerste twee persone wat op toneel is, moet ook toegangsbeheer toepas. Laat slegs lede toe wat nodig het om misdaadtoneel te besoek soos SAPS, en sy Spesialis lede, Nood en rampbeheer, mediese personeel asook Patologiese Forensiese afdeling.

Persoonlike Veiligheid

Bewustheid

- Wees bewus van die feit dat 'n sekuriteitsbedreiging bestaan.
- Wees bewus van die huidige sekuriteitsbedreiging in u omgewing.
- Wees versigtig vir hoë risiko areas.
- Wees bedag vir vreemdeling, kyk uit vir vreemdelinge wat rondslenter of talm naby u huis of motor.
- Rapporteer enige verdagte voorval.
- Wees op u hoede by u aankoms of vertrek vanaf 'n gereelde gebruikte plek (huis of kantoor) **Kommunikasie**
- Dra 'n mobiele foon (selfoon) en 'n volgelaaide spaar battery saam met u.
- Hou 'n lys van belangrike nood telefoon nommers by u.
- Lig ander mense in as u 'n probleem het.
- Lig ander mense in wanneer u 'n reis begin en van u vordering langs die pad.

MOENIE

- U selfoon in die motor los nie

- Maak seker u motor is padvaardig, hou 'n toegeruste noodhulptassie en flitslig in u voertuig.
- Gaan daagliks u voertuig na vir water / olie / brandstof, banddruk (as u nie weet hoe nie, vra bediener by die vulstasie om dit vir u te doen)
- Hou die voertuig se deure gesluit en vensters toe as u in 'n hoë risiko area bestuur of in parkeer areas.

- Sluit u voertuig wanneer u parkeer en verwyder of bêre alle los goedere buite sig.
- Parkeer in betroubare areas of besige strate waar dit opsigtelik sal wees as iemand by die voertuig wil inbreek of peuter.

MOENIE

- Parkeer in geïsoleerde of donker areas nie.
- Rygeleenthede gee aan vreemdelinge nie.
- Stop om 'n ander motoris te help as omstandighede verdag lyk nie, bel eerder die nooddienste (skakel 112 op selfoon)
-
- **Woning**
- Hou deure / traliehekke gesluit ten alle tye.
- Hou u alarm sisteem aan, of gebruik dit om u op u swakker oomblikke te beskerm.

- Installeer diefwering op vensters.
- Kry sekuriteitsligte vir buite areas om die huis met 'n risiko.
- Maak seker alle deure en vensters is sekuur en gesluit elke aand en wanneer u weggaan.
- Beveilig alle ingange na u huis met metaal deure, dit maak u huis 'n moeilike teiken. Dit gee u huis 'n brandkluis voorkoms, maar dit is die moeite werd as u u huis wil beveilig teen inbrake.
- Beveilig u vensters! Baie huise het onbeveiligde vensters, wat dit maklik maak om by in te breek. Moet nooit 'n venster oop los as u nie by die huis is nie, snags of bedags. 'n Oop venster is 'n uitnodiging.
- Wanneer u weg is van die huis af, gebruik tydskakelaars om ligte aan en af te skakel in u huis, dit sal voorkom asof iemand by die huis aktief is. Tydskakellaars kan ook radio's en TV stelle aan en af skakel. Beligting buite die huis is ook belangrik.
- Gebruik 'n betroubare alarm sisteem om u huis te beveilig. ***Moenie die kentekens van die sekuriteitsfirma wegsteek nie.*** Inbrekers wil nie gevang word nie, so as hulle 'n huis sien met sigbare alarm tekens, sal hulle hoogswaarskynlik die huis vermy.

MOENIE

- Die deur oopmaak vir enige persone nie (gebruik 'n interkom stelsel)
- Vergeet om die polisie / sekuriteitsfirma / bure in te lig as u weg gaan vir 'n paar dae.
- U sleutels of sekuriteitskodes gee vir u huishulp of werkers nie.

VEILIGHEIDS "CHECK LIST" (KONTROLELYS) VIR LANDBOUERS

NR	AKSIE	JA	NEE
1	Het jy radio kommunikasie met buurman en veiligheidskoördineerder / beheerkamer? (Toets dit gereeld)		
2	Is noodnommers by jou telefoon van jou bure, sektor veiligheidskoördineerder en polisie op jou selfoon aangebring? (Kontak bure gereeld)		
3	Word jou traliehekke voortdurend gesluit as jy binne en of buite huis is?		
4	Het jy enige honde binne / buite die huis?		
5	Beskik jy oor veiligheidshekke en diefwering?		
6	Het jy alarmstelsel en veiligheidsheining om jou huis?		
7	Het jy sekerheidsligte, waarskuwingsligte en of kameras om jou huis wat gekoppel kan word aan jou selfoon?		
8	Het jy 'n gebeurlikheidsplan en maatreëls met jou gesin in werking?		
9	Maak jy gebruik van jou selfoon se sekerheidsopstelling met bure en veiligheidskoördineerder?		
10	Is jy op 'n WhatsApp groep met jou veiligheidskoördineerder om inligting tov verdagtes te monitor?		
11	Is toegangsroetes tot jou woning oop (bosse weggesny en of skuiling deur verdagtes)?		
12	Sal die werkers vreemde voertuie/verdagtes rapporteer?		
13	Is werkers ingelig / opgelei om hulp te gaan soek as hul/jy aangeval word? (polisie / veiligheidskoördineerder)		
14	Hou jy 'n volledige inligting stelsel van werkers en of bewoners op jou plaas by?		
15	Is jy deel van 'n landelike beveiligings plan in samewerking met jou plaaslike polisie?		
16	Woon jy gereeld inoefeninge saam met ander boere en die polisie by?		
17	Woon jy gereeld die maandelikse landelike veiligheidsvergaderings by saam met polisie en ander boere?		
18	Ry jy gereeld wit lig patrollies met plaaswag en ander boere in jou omgewing om misdaad aan te spreek?		
19	Het jy noodhulp toerusting in jou huis?		
20	Is jy waaksaam, paraat en observeer jy, jou familie en werksmense gereeld wie in die omgewing rondbeweeg?		

Inligting verskaf vir die saamstel van die dokument deur die volgende instansies:

1. Agri SA
2. Agri NK
3. RPONK
4. SAPS NK